Date : December, 29 , 2009 Publication : Beeld Page Number : 1

# ENB help wit werkers se kinders as kenners sê dit kan

Carina van Wyk en Pieter du Toit

Eerste Nasionale Bank (ENB) sal wit werknemers by sy geldelike studiehulpprogram vir laerskoolkinders insluit – ás hy dan steeds aan die regering se vereistes vir swart ekonomiese bemagtiging (SEB) sou voldoen.

Talle mense het gedreig om van bank te verander nadat *Beeld* verlede week berig het ENB bied geldelike studiehulp aan werknemers met laerskoolkinders wat minder as R100 000 per jaar verdien, maar nét as hulle swart is.

In 'n elektroniese nuusbrief wat aan werknemers gestuur is, word "swart" as "Afrikaan, Indiër, bruin en Chinees" gedefinieer.

Die vakbond Solidariteit en ENB se regspanne gaan middel-Januarie oor moontlike regsoplossings vergader. Solidariteit het 'n internet-bewusmakingsveldtog oor die beursskema begin en meer as 500 klagtes is via sy webtuiste na ENB gestuur.

Dr. Michael Jordaan, ENB se uitvoerende hoof, het gesê die spesifieke skema is op swart mense gerig omdat dit deel van 'n swartbemagtigingstransaksie is, en om geen ander rede nie.

Ingevolge dié transaksie wat in 2004 deur FirstRand, ENB se houermaatskappy, gesluit is, is 'n trust gestig om swart kinders se opvoeding te steun.

Volgens Jordaan moet die bevoordeeldes, volgens die regsadvies wat ENB gekry het, uitsluitlik swart wees.

ENB gaan nou weer regsadvies inwin en as dit wetlik moontlik is om wit mense ook te bevoordeel sonder dat die swartbemagtigingstransaksie benadeel word, sal die bank dit graag wil doen, het Jordaan gister gesê.

Volgens hom het ENB verskeie ander beursskemas en opvoedkundige programme waar alle personeellede op meriete ondersteuning kan verkry.

Mnr. Dirk Hermann, Solidariteit se adjunk-bestuurshoof, het gesê die vakbond is oortuig geen wet vereis slegs swart mense moet deur so 'n SEB-transaksie bevoordeel word nie. Volgens hom is die meeste ENB-werknemers wat minder as R100 000 verdien swart. "Selfs al sou wit werknemers wat ook min verdien en swaarkry, ingesluit word, is dit steeds 'n swart transaksie ingevolge die bemagtigingskodes.

"Ons het kwaai druk van die publiek gehad om 'n verbruikersboikot te begin en sommige mense het inderdaad laat weet hulle gaan hul banksake elders neem."

Hy meen dis belangrik dat groot maatskappye "verstaan dit is nie nodig om verder te gaan as wat die wet vereis wanneer daar oor ekonomiese bemagtiging gepraat word nie".

Mnr. Flippie van Dyk is een van talle mense wat dreig om van bank te verander. Hy het gesê hy gaan sy ENB-kredietkaartrekening sluit waarmee hy jaarliks sowat R700 000 se saketransaksies doen.

"Ek voel dis verkeerd dat enige rassegroep uitgesluit word."